COVID HOTLINE 021 928 7102

HSH – NOU MEER AS OOIT TEVORE, DOEN ONS DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON

VALUE FOR TERM 3 – LEAVE A LEGACY!

Newsletter 17/2020
3 September 2020

Geagte Ouers

Een van my gunsteling geluide is reën wat val op 'n sinkdak. Terwyl ek hierdie nuusbrief skryf, is dit my agtergrondmusiek. Vanjaar is dit 'n gereelde verskynsel. 'n Jaar of twee gelede was reën so skaars soos snoekkuite en die gevolge was hartverskeurend. Dus, dit is 'n heerlike lekkerte om reën op my kantoordak te hoor val!

Verder wil ek ouers verseker dat ons aan alle deure klop om op 'n daaglikse basis meer grade by die die skool te akkommodeer. Op hierdie stadium is die rotasiestelsel ons beste opsie, maar ons besef dat dit nie die ideaal is nie. Ongelukkig moet ons tans by die Covid-regulasies bly, maar ons gaan nie ophou klop nie!

1. Begroting

Ouers word ingelig t.o.v. ons jaarlikse Begrotingsvergadering op Donderdag, 15 Oktober 2020. Hierdie vergadering sal in die skool se admin. blok plaasvind en die beplande Begrotingsbedrae vir skool-, koshuis- en busfooie sal dan aan ouers voorgelê word vir goedkeuring. Hierdie Begroting lê ook ter insae by die skool en ouers is welkom om dit te bestudeer. Na goedkeuring sal skool-, bus- en koshuisfooie aan ouers gekommunikeer word.

2. Fotodag 2020

HSH-ouers word ingelig dat ons op 9 en 10 September ons jaarlikse fotodag gaan hê. Ter wille van Covid 19-regulasies gaan slegs individuele foto's van leerders in skool- en sportdrag geneem word. Hierdie foto's gaan gebruik word vir die samestelling van alle klas- en groepfoto's. Geen gesinsfoto's gaan geneem word nie.

3. Amended Curriculum

Due to the fact that a substantial number of school days were lost during the Covid 19 pandemic, an amended curriculum was issued to all public schools. This amended curriculum is available on our website.

4. Calender 2021

We have not yet received the new school calender for 2021. What we do know is that schools will open on 25 January for teachers and on 27 January for learners. We will communicate the amended calender as soon as we have received it from the Department of Basic Education.

5. Verkiesing van Verteenwoordigende Raad van Leerders

Hoërskool Hopefield het die afgelope week begin met die verkiesing van leerderraadslede vir 2021 in Graad 9-12 HSH se VRL-verkiesingsbeleid is in 2019 aangepas en die klem is verskuif na die leerders sodat hulle keuse van leiers op hierdie raad dien. Die volledige verkiesingsbeleid is op ons webwerf beskikbaar.

6. HSH Gholfdag

HSH se bemarker, mev. Anneke Basson en mnr. Jurgens Schreuder het besluit ons moet die feit dat gholfbane oop is, benut tot voordeel van HSH. Hulle is volstoom besig met ‘n HSH-Gholfdag wat op 10 Oktober op die Vredenburg-gholfbaan gaan plaasvind. Ons het ook gedurende die week ‘n lootjievorm aan leerders uitgedeel om saam met hierdie fondsinsamelingsprojek te loop. Ons is deeglik bewus daarvan dat ons in ‘n moeilike finansiële tyd leef. Dit gaan HSH se enigste fondsinsameling vir die res van die jaar wees. Kom ons gaan, so ver moontlik, voluit met hierdie projek!

Baie dankie aan al die borge wat hierdie dag moontlik maak met hulle ondersteuning. Weereens staan ons in verbasing oor die ongelooflike ondersteuning wat HSH ontvang!

7. Sport

A frequently asked question in HSH circles is about the school sport programme. At this moment the directive from the Department of Basic Education to all schools is that no extra-mural activities will be allowed until further notice. I believe (and hope and pray) that all things will return to normal in 2021. I know that everyone in the HSH family is looking forward to that day!

8. Akademie

Ons almal se fokus moet nou ernstig skuif na akademie. Die Matrieks se Voorbereidende Eksamen begin op 21 September en die res van die skool is besig met ‘n proses van deurlopende assessering. Daarom is gereelde skoolbywoning krities belangrik vir sukses, veral gegewe die rotasieproses.

9. Laerskool leiers

HSH is ook baie trots op ons leiers in die laerskool van hierdie kwartaal:

Graad 4: William Melck
Emile Britz
Leanie Lewis
Areanna Veotte

Graad 5: Dané Meintjes
Kara Huisamen
Kurshtion Martin
Hendré Laubscher

Graad 6: Jumaine Basson
Zanneke de Waal
Deidré Loubser
Mienke Teubes

As I am writing this newsletter, I am still battling with the consequences of a very unfortunate incident on social media. We can never warn our children enough of the wildfire effects of social media and the damage it can cause to all of us. Let us all put in a concerted effort to monitor our children's activities on social media. It can save a lot of tears.

Ek het in 'n huis groot geword waar risiko's deel was van ons daaglikse brood. Ter illustrasie: My pa het geglo brieke is vir beginners. Daarom het geen ordentlike Fourie-fiets 'n briek gehad nie. In noodgevalle, en daar was baie, moes ons noodgedwonge van 'n "voetbriek" gebruik maak. By implikasie beteken dit dat jou voetsole as remblokkies gedien het. Dit lyk elke dag of die HSH-"baaisiekel" begin spoed vang. Miskien praat ons oor 'n maand of twee van 'n "voetbriek"!

Voorspoed!

Wehan Fourie (Skoolhoof)